**“Breyten spreek ons Afrikaanses toe”. Die representatie van die anti-apartheid struggle in *Binnerym van bloed* van Antjie Krog.**

Martina Vitackova & Leona Conradie

Abstract

Met *Binnerym van bloed* (2025) roep Antjie Krog ’n komplekse, ambivalente, maar veral persoonlike geskiedenis in herinnering. Die persoonlike en die politieke kan duidelik nie geskei word nie, soos Krog se vertellinge openbaar. Krog se ontmoeting/interaksies met Breytenbach (p.133) verhelder die “grys” area tussen politiek en persoonlike ervaringe, en dit dui daarop dat persoonlike keuses gemaak word aan die hand van politieke, maar ook persoonlike en familiale omstandighede.
Hierdie bespreking vertrek vanaf Antjie Krog se ervaring van Breytenbach, soos dit beskryf word in Krog se memoir. Vanuit ’n interseksionele feministiese perspektief ondersoek ons hoe en waar genoemde skrywers se ervaringe van anti-apartheid aktivisme verskil en/of ooreenstem. Ons fokus veral op hoe die politieke en persoonlike oorvleuel en dan ook hoe Krog lig werp op die diskoers van oppressie gedurende apartheid.